



BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER

LYDENSTYD - JESUS SE SEWE LAASTE WOORDE VOOR SY DOOD

Lydenstyd is die ses weke wat Paassondag voorafgaan. Aangesien ons altyd op 'n Sondag Jesus se opstanding vier - ook in Lydenstyd, of dalk ook juis "veral" in Lydenstyd - word die Sondag uitgesluit en vorm Lydenstyd slegs die 40 dae vanaf Aswoensdag (vanjaar op 6 Maart) tot Stil Saterdag (vanjaar 20 April), sonder die Sondag. Hierdie Sondag staan bekend as Sondag in Lydenstyd.

Op Sondag, 10 Maart sluit ons ons Sewe Weke proses af en begin dan met 'n reeks vir Lydenstyd tot en met Paassondag op 21 April. Ons kies om hierdie jaar stil te staan by Jesus se **sewe kruiswoorde**.

Met sy tekens het God reeds vir ons gewys dat Golgota 'n baie dieper betekenis het as die gebeure wat met die oog waargeneem kan word.

Maar toe kom daar boonop sewe woorde by.

Sewe.

Die getal dui in die Skrif volheid aan.

- Sewe woorde soos die sewe arms van die kandelaar in God se heiligdom – wat die hele skepping verlig.
- Sewe woorde soos die sewe kleure in God se reënboog – wat die trou en genade van God kleurrik verkondig.
- Sewe woorde soos die sewe basuine van die priesters buite Jerigo se mure – wat die pad na die nuwe aarde vir ons oopmaak.
- Sewe woorde soos die sewe brode by die tweede vermenigvuldiging en die sewe mandjies wat daarna gevul is – wat vir ons vir altyd oorvloedig voedsel bied.

EIE BYBELLEES

Week	Seisoen	Teks	Erediens
11 - 17 Mrt	<i>Lydenstyd</i>	Luk 23:34 en Hand 7:54-60	17 Mrt
18 - 24 Mrt	<i>Lydenstyd</i>	Joh 19:25-27 en Ps 133	24 Mr
25 - 31 Mrt	<i>Lydenstyd</i>	Luk 23:43 en Ps 86	31 Mrt
1 - 7 Apr	<i>Lydenstyd</i>	Matt 27:46 en Ps 22	7 Apr
8 - 14 Apr	<i>Palmsondag</i>	Joh 19:28 en Ps 69	14 Apr
15 - 18 Apr	<i>Groot Lydensweek</i>	AANDMEDITASIES 18:00 IN MOEDERKERK	
19 Apr	<i>Goeie Vrydag</i>	Joh 19:30 en Joh 13:1	19 Apr
21 Apr	<i>Paassondag</i>	Luk 23:46 en Ps 31 :1-6	21 Apr

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daarvoor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

ONTVANG
& LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

Vas as geloofsgewoonte tydens Lydenstyd:

- Die Lydenstyd is 'n baie algemene tyd vir vas by baie gelowiges. 'n Gedeeltelike vas [wanneer ek bv wyn vir die hele tydperk opgee] kan waardevol wees en my heelyd herinner aan Jesus se lyding vir my. Ek sou dit ook anders kon inrig deur bv een dag per week in daardie tyd volledig te vas en dan spesifiek te fokus op selfondersoek en skuldbelydenis.
- In 'n gemeente sou 'n mens kon probeer om die patroon te vestig dat almal bv op Aswoensdag vas, omdat dit juis dié dag in die geestelike kalender is vir verootmoediging en skuldbelydenis. Die Aswoensdagbyeenkoms in die aand kan dan die hoogtepunt en afsluiting van die dag wees.
- Daar kom dikwels tye in 'n mens se lewe wanneer jy regtig ernstig oor 'n sekere saak bid. Wanneer 'n mens verstaan dat vas "body prayer" is, "liggaamsgesprek" met God is, sou jy van tyd tot tyd ook bv vir 'n dag lank kon vas as deel van jou verootmoediging en voorbidding oor 'n saak. Dit is weereens belangrik om te sê dat dit nie 'n [selfs onbewustelike] manier mag wees om 'n sekere antwoord by God te probeer kry nie. Dit is eerder 'n manier hoe ek nog meer volledig fokus op God en my gespek met Hom. Dat dit altyd sal lei tot verdieping in my verhouding met God self – daarvan kan 'n mens seker wees.
- Dit gebeur soms dat 'n mens op 'n besondere manier aangegryp word deur nood in die wêreld of in jou eie omgewing. 'n Baie besondere voorstel is dat 'n mens dan as deel van jou voorbidding vir hierdie nood ook vas in solidariteit met dié in nood. Deel daarvan is dan om die kos wat ek daardie dag nie geëet het nie, te gaan gee vir die mense in nood.